

23 Februarie

**Skrifgedeelte: Jeremia 19 en 20**  
**Fokusgedeelte: Jeremia 20:7-11**

**Die Woord van die Here het vir my 'n smaad en spot geword**

“Ek sal hom toon hoeveel hy vir my Naam moet ly” (Hand 9:16). Dit was woorde wat op Paulus van toepassing was vanweë die baie swaarkry wat hy moes dra ter wille van die evangelie van Christus. Dit kan ook woordeliks vir Jeremia geld. Sy oordeelsuitsprake waartoe die Here hom opdrag gegee het, het vir hom 'n ondraaglike las geword. Dit het hom die spot van mense gemaak en die vyand van sy vriende. Hy het daarteen gestry om nie die oordeelswoorde van die Here te spreek nie, maar dan word dit in sy hart en liggaam soos 'n brandende vuur. Hy het moeg geword om daarteen te stry en hom oorgegee daaraan om die Here se woord te bly verkondig. Dit spreek duidelik in ons lewe, nie waar nie? Wanneer jy die Christelike beginsels bly voorhou en die woord en wil van die Here voorop stel in jou lewe en woorde, word jy 'n bespotting tussen mense – selfs by dié wat jy jou vriende wou noem. Jy word naderhand beskinder en uitgestoot uit elke vriendekring en gemeenskap. Jeremia sou jou goed kon verstaan wanneer dit met jou gebeur, want hy het dit deurgemaak. Hy het egter in weerwil van alles voortgegaan. Hy bely sy kragbron as hy sê: “Maar die Here is met my soos 'n geweldige held” (Jer 20:12). Daarom kon en het hy nie opgehou om te bestraf, te vermaan en te bemoedig nie. Daarom kan ons in weerwil van dit wat ons ervaar, voortgaan en met krag uit dieselfde bron volhard, want dieselfde Held is in ons lewe.

*Sing: Psalm 39:9,14*

*Ds DL de Beer (Emeritus)*